



Lees
Lukas 2:1-20

JESUS WORD GEBORE

Maats, voltooi die ontbrekende letters in die woorde hieronder:

Volkstelling
Eerstelingseun
Krip
Skaapwagters
Engel
Tyding
Blydskap
Verlosser
Welbehae



Maats, kleur die prentjie in volgens die kleure wat langs elke nommer aangedui is.

1=Blou 2=Bruin 3=Oranje 4=Geel 5=Groen 6=Wit 7=Rooi

DAGBOEK

VANDAG

08:00 Koffie en tee in die foyer
09:00 Feesdiens & nagmaal (Ds Coenie)
12:00 Fees-ete in die tuin (vooraf bespreek)
18:00 Uitrek

DONDERDAG 11 November

11:00 Senior Burger Ete

SONDAG 14 November

08:00 Koffie en tee in die foyer
09:00 Kinderkerssangdiens (Ds Coenie)
10:00 Koffie en tee in die foyer



GEBEDSLYS

Hospitale

- Carina Boshoff
- Abel van Staden
- Rudi du Toit

PANNEKOEK BY LIGGIEFEES

Ons gemeente bak in Desember pannekoek by die Liggiefees ten bate van ons gemeente. As jy beskikbaar is om te help deeg aanmaak bedags of pannekoek bak saans, kontak asb vir Maryna Marais (082 807 9954). Dit gaan baie pret wees!

7 NOVEMBER 2021



SUID WORD 65

Ons gemeente is hierdie jaar 65 jaar oud! Ons vier vandag ons gemeente se verjaardag met 'n groot feesdag. En soos dit is met verjaardae, gee mens gewoonlik 'n geskenk vir iemand wat verjaar.

Wil jy nie asb dit oorweeg om vir die gemeente vir haar 65e verjaardag 'n kontantbedraggie van R65 te gee nie? Jy is welkom om baie meer te gee en as dit vir jou moeilik is, kan jy gerus ook minder gee. Ons het die drie maande van September tot November opsygesit as ons 65-ees. Betaal gerus enige tyd in hierdie drie maande jou verjaardag-geskenk by die kerkkantoor in (of via elektroniese oorplasing) en merk dit as 65-ees. Baie dankie vir elkeen se deelname! **-ds Coenie**

BELANGRIKE DATUMS

- 11 November : Senior Burger Ete
- 14 November : Kinderkerssangdiens
- 21 November : Kerssangdiens



WOORDE WAT GENEES [Lees Spreuke 12:18]

Wanneer 'n mens elke dag met tieners werk, kan dit soms 'n uitdaging wees. Ons ken almal tieners se nukke en grille. Ons ken ook hulle humeure en vry sê. Om met 'n klaskamer vol van tieners te werk, bly daagliks 'n voorreg, maar ook 'n geweldige uitdaging. Jy weet hoe dit soms in jou huis gaan, wat nog te sê in 'n klaskamer vol van daardie ouderdom. 'n Mens moet mooi dink en mooi praat om nie leerders te beledig of jou humeur te verloor nie. Hierdie teksvers het my persoonlik al baie

aangespreek. Om te praat sonder om te dink, kan soos dolksteke wees. Ons het almal al die seer beleef van ongegronde woorde of woorde, wat jou deurboor. Ons het elkeen al ervaar hoe seer woorde kan maak. 'n Mens hoor van so baie volwassenes, wat seer met hulle saamdra as gevolg van dolksteekwoorde.

Ons teksvers sê duidelik vir ons dat ons sulke woorde moet vermy. Dit gebeur wanneer jy self seer of kwaad is. Hierdie woorde het mos 'n manier om sommer net by jou mond uit te val, voor jy dit kan keer. Die teendeel is egter dat woorde ook genesing kan bring. Wanneer jy in liefde praat, of wanneer jy opbouend jou kind of mense komplimenteer, bring woorde genesing. Ons is soms so krities op ons kinders. Hulle span moet ten alle koste wen, of ons kind moet 'n sekere tyd hardloop. Jy ken al die stories. Dit is in die tweede kom of verloor wat jy die wysheid moet hê om die regte woorde te sê. Moedig liewers aan as afkraak. Dan praat ek nie eers van kragwoorde nie. Ons moet tog onthou dat ons die volwassenes in die verhouding is. Ons stel die voorbeeld. Jou kinders gaan maak soos jy vir hulle gewys het.

Hoe praat julle by die huis? Hoe praat julle van ander mense? Moet nooit uit die oog verloor dat jou kinders jou voorbeeld volg nie. Dink vandag na oor jou woorde en wat hulle die afgelope week beteken het. Was jou woorde dolksteke of het hul genesing gebring? **-Marietjie Joubert [eKerk]**

VERJAARSDAGHOEKIE

- Vandag:** Logan Smit
 - 8 November:** Herman Groenewald
 - 9 November:** Riana Bezuidenhout, Petro Kriel, Lohan Pretorius
 - 10 November:** Geen verjaarsdae
 - 11 November:** Jané Kruger
 - 12 November:** Johan de Beer, Spyker van Eeden
 - 13 November:** Henry Nieuwoudt
- NB:** Indien u naam nie op die weeklikse verjaarsdaglys verskyn nie, kontak asb die kerkkantoor sodat ek kan vasstel waar die probleem is. **- Elize**



VIR MY

Lees Romeine 3:21-26

“Almal het gesondig en is ver van God af, maar hulle word ... vrygespreek vanweë die verlossing deur Christus Jesus” (23,24).

Hangkop, hande diep in sy sakke, sleep-voetend en kreupel, strompel John Scott waterfront toe. Dis aand. Die donker, roerende seewater is sy bestemming. 'n Skielike, harde uitroep laat hom in sy spore vassteek: “Gekruisig! Hulle het Hom gekruisig!” Hy kyk verskrik rond. Wie het geskree? Nou sien hy die half-versteekte dokke-saaltjie. 'n Man op die verhoog is besig om te preek. Natuurlik. Dit is Sondagaand. Godsdien en kerk het nog nooit in John Scott se lewe plek gehad nie. Vanáánd tref dáárdie woord hom in die kern van sy lewe. Hy het dit sién gebeur. Dáárdie wrede ervaring dryf hom waterfront toe.

'n Jaar tevore is hy oorlog toe. Hy is ernstig gewond. Daarna bly hy siek. Ontslaan uit die weermag, onbevoeg vir oorlog of werk, dwaal hy in Bristol se strate rond. “Niemand gee om vir my nie!” skreeu sy gedagtes. Dit en sy skokervaring, dryf hom waterfront toe.

Hy gaan die saal versigtig binne en gaan sit. Die prediker se woorde begin hom boei. Hy raak by die vertelling betrokke. “'n Paar maande gelede,” vertel die prediker, “was die Britse en Duitse magte in 'n deel van Frankryk slaags. 'n Britse soldaat het ernstig gewond in 'n bomkrater tussen die gevegslynies geval en bly lê. Sy vriend skreeu vir hulle offisier: ‘My maat lê daar! Ek gaan hom haal!’ Hy het platgeval en na sy maat toe begin kruip. In die krater sien die gewonde man hoe sy maat nader en nader kruip. Amper daar,” vertel die prediker verder, “sien 'n vyandelike patrollie die maat. Slaan hom plat en sleep hom weg. Teen 'n houtafdak spalk hulle hom oop; kruisig hom en laat hom in die versengende hitte hang om te sterf.” Toe die prediker die woord “gekruisig” uitspreek, verdonker John Scott se gesig. Die prediker gaan

voort: “Hulle het gedink die man in die bomkrater is dood en hulle het hóm met rus gelaat. In die bomkrater het die gewonde man magteloos, doodstil, alles sien gebeur: die brutale wreedheid, die gekruisigde man se lyding en stadige dood. Hy sal nooit kan vergeet hoe sy vriend sy lewe só gegee het om hom te probeer red nie.” Na 'n oomblik van stilte sluit die prediker sy preek af: “Onthou ú nog die Man wat ook só vir u gely en gesterf het? Wat het u al gedoen om u dankbaarheid en u liefde vir Hóm te bewys?”

Die diens eindig en John Scott sluip vinnig deur toe. Die prediker is ook daar en by die deur lê hy sy hand op John se skouer. “My seun, het jy al die Here Jesus, wat vir jǒú gekruisig is, aangeneem as jǒú redder?” “Nee,” antwoord John, “maar ek wil. Ek het nooit geweet die evangelie is oor so iets nie. Vanaand verstaan ek dit. Ek verstaan dit baie goed. U sien. Ek was die gewonde soldaat in die bomkrater. Ek het gesien hoe sterwe Bill vir my.”

Hy en die prediker kniel saam. Die prediker maak sy Bybel by Romeine 5:6 oop en lees die woorde: “Toe ons nog magteloos was, het Christus immers reeds op die bestemde tyd vir goddeloses gesterwe ... God bewys sy liefde vir ons juis hierin dat Christus vir ons gesterf het toe ons nog sondaars was.” John het geglo en Christus met 'n eenvoudige gebed as sy Verlosser aangeneem.

“Here, vandag weet ek U het vir my gesterf. Ek glo en dank U. Amen” – Wyle Manie Colyn

METODES VAN DANKOFFERINBETALINGS

Debietorder-opdrag & koeferte is in die voorportaal beskikbaar.

Elektroniese betaling (eft) of Zapper:

Bankbesonderhede:
NG Kerk Potch-Suid
Absa, Tjekrekeningnr 680580049
Takkode 632005

U is welkom om enige van die metodes te gebruik om u dankoffer in te betaal.



Ek wil my debietorder verhoog, kontak my asb.	Naam:
	Selno: